

Soos gewoonlik het Ferreira gebruik gemaak van voetnote en 'n uitgebreide bronnelys, wat 'n indrukwekkende aantal bronne uit die Lissabonse argief vir oorsese geskiedenis (Arquivo Historico Ultramarino) insluit. 'n Register met plek- en eiename verhoog die bruikbaarheid en navorsingswaarde van dié publikasie.

Protea Boekhuis kan veral gelukkig word met hierdie prag-uitgawe. Benewens die feit dat die boek in hardeband met 'n kleurvolle stofomslag uitgegee is, het die uitgewer gesorg vir 'n interessante bladuitleg met voetnoete aan die buitekante van die bladsye by die inleiding. Die reisjoernaal is telkens op die regterkantste bladsye gedruk met verduidelikende notas op die ooreenstemmende linkerkantste bladsy.

Daar is 33 swart en wit illustrasies in die boek wat wissel van kaarte van die roete van Montanha soos op die skutblaaie verskyn, tot foto's, sketse en sketsplanne en gravures wat op 'n kreatiewe wyse deel van die teks vorm. 'n Uitvoukaart van Montanha se roete kon moontlik die gebruikersvriendelikheid van die publikasie verder verhoog het.

Hierdie publikasie kan aanbeveel word vir liefhebbers van die Kultuurgeskiedenis en is 'n *moet* vir almal wat in die onontginde geskiedenis en romantiek van die suid-ooskus van Afrika en die noord-oostelike deel van Suid-Afrika belangstel – 'n uitstekende Kersgeskenk!

Cecilia Kruger

Bestuurder: Vakkundige dienste,

Voortrekkermonument

## Verhoudinge tussen Nederland en Suid-Afrika onder die soeklig

E. van den Bergh, *Het stormt in mijn hart. Nederland-Zuid-Afrika: selectieve bibliografische notitie*

Ambassade van Zuid-Afrika, Den Haag, 2000

68 bladsye

ISBN 90-805894-1-1

Prys op aanvraag beskikbaar

E. van den Bergh & E. Doeleman (reds.) *Inventarisatie culturele banden Nederland - Zuid-Afrika 1994-2000*.

Kairos en Nederlands Instituut voor Zuidelijk Afrika, 2000

195 bladsye

ISBN 90-805876-1-3

Prys nie vermeld nie

Mnr. Carl Niehaus het tydens sy termyn as Suid-Afrika se ambassadeur in Nederland (1997-2000) getoon dat hy 'n sin vir die geskiedenis het. Die Suid-Afrikaanse ambassade in Den Haag het 'n hele paar publikasies die lig laat sien wat vir die historikus baie nuttig kan wees. As deel van die ambassade se inligtingsreeks het die volgende drie publikasies byvoorbeeld verskyn: *Essays on the Truth and Reconciliation Commission* (1998), *President Mandela in the Netherlands* (1999) en *Towards the new African Renaissance* (1999).

Niehaus was ook die inisieerder van twee digbundels wat deur die ambassade uitgegee is, naamlik *Klanke soos vere. Gedigte tussen Suid-Afrika en Nederland* (1998) en *Goede Hoop! Afrikaanse skrywers oor Kersfees* (1999). Die ambassade het ook saam met Radio Nederland Wereldomroep en Kairos (Utrecht) 'n CD uitgebring, wat hoofsaaklik saamgestel is uit opnames vanuit die audio-argiewe van Radio Nederland Wereldomroep. Die titel van die CD is *Afstand en verbintenis. Nederland-Zuid-Afrika: collage van 50 jaar radio-geschiedenis* (1999).

Die boek onder bespreking, *Het stormt in mijn hart*, het in Mei 2000 verskyn. Dit is geskryf deur Erik van den Bergh, medewerker van Kairos in Utrecht. Die voorwoord is geskryf deur ambassadeur Niehaus, wat gemeld het dat Van den Bergh die aangewese persoon was om as samesteller op te tree. Van den Bergh beskik naamlik oor 'n uitsonderlike kennis van die literatuur oor Suid-Afrika.

Volgens Niehaus word die verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika deur sommige, veral in Nederland, as baie spesiaal beskou. Tog was die kontakte in die verlede in baie opsigte nogal beperk gewees. Die afgelope jare het die band tussen Suid-Afrika en Nederland hegter geword en in 'n sekere sin ook meer normaal. Veral tydens die afskeidsbesoek van pres. Mandela aan Nederland (Maart 1999) het dit geblyk hoe hartlik die betrekkinge nou is, aldus Niehaus.

Die Nederland-Suidelike Afrika Argiefkommissie is in 1999 in die lewe geroep deur drie organisasies wat baie betrokke is by ontwikkelinge in Suid-Afrika, te wete Kairos, die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) en die Nederlands Instituut voor Zuidelijk Afrika (NiZA). Hierdie publikasie is 'n uitvloeisel van die werksaamhede van dié kommissie.

Volgens Van den Bergh is die bibliografiese oorsig selektief van aard. Daar is nie na volledigheid gestreef nie. Die nadruk lê in 'n groot mate op publikasies en ondersoeke in Nederland; relevante Suid-Afrikaanse publikasies is egter ook vermeld. Klem is veral gelê op publikasies uit en oor die periode vanaf 1948. *Het stormt in mijn hart* wil veral aantoon in welke mate Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge op skrif gestel is. Die boek bevat dan ook 267 literatuurverwysings.

Die volgende 14 temas word onder die loep geneem: Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge, Suid-Afrika organisasies in Nederland, Suid-Afrikaners in Nederland, projekte in Suid-Afrika, buitelandse beleid en politieke partye, sosio-ekonomiese bande, onderwys en wetenskap, kultuur, kerke en godsdiens, ontwikkeling en menseregte, media, maatskaplike organisasies en bewegings, internasionale organisasies en individue.

Die publikasie is as naslaanwerk 'n besondere nuttige bron van inligting ten opsigte van die haat-liefde verhouding tussen Suid-Afrika en Nederland. Historici, ander akademici, meningsvormers en selfs lede van die publiek kan met groot vrug daarvan gebruik maak. Die skrywer het in die woorde van Niehaus met "zijn persoonlijk getint overzicht ... een veelzijdig beeld geschetst van een grote hoeveelheid publicaties."

Titels word verskaf, met kommentaar van die samesteller, van werke wat handel oor die komplekse verhouding tussen Nederlands en Afrikaans, die Nederlandse verzet teen apartheid, sanksies teen Suid-Afrika, die boikotbeweging ens. Die rol gespeel deur individue soos Beyers Naudé, Allan Boesak, Carl Niehaus, Breyten Breytenbach en Elisabeth Eybers word ook belig. Oor Eybers skryf Van den Bergh: "Eybers richtte met haar gedichten een monument op voor het Afrikaans en droeg daarmee veel bij tot het afbreken van (taal) vooroordelen."

Die afgelope dekades was daar nie juis sprake gewees van 'n bloeiende en omvangryke tradisie van Nederlandse akademiese navorsing met betrekking tot Suid-Afrika nie. Die kulturele en wetenskaplike boikot het veel daarmee te doen gehad. In die woorde van Erik van den Bergh: "Het thema Zuid-Afrika zorgde vaak voor commotie en lag op vele niveaus zeer gevoelig. De apartheidsstaat diende – volgens velen - waar mogelijk gemeden te worden."

Hierdie selektiewe bibliografiese oorsig is dan ook waardevol in dié opsig dat dit fokus op die vele leemtes wat bestaan ten opsigte van navorsing en studie. Oor sekere temas is nog bitter min geskryf. Akademici is verheug dat die betrekkinge genormaliseer is en dat die “academische winterslaap” verby is. Dit kan hopelik ‘n nuwe tydperk inlui van groter wisselwerking tussen Nederlandse en Suid-Afrikaanse historici.

Die ambassade van Zuid-Afrika in Den Haag en Erik van den Bergh verdien ‘n pluimpie met die publikasie van *Het stormt in mijn hart*. Dit is ‘n tydige brosjure wat hopelik as aansporing sal dien om verdere navorsing te stimuleer. Sodoende kan wedersydse begrip verder bevorder word.

*Inventarisatie culturele banden Nederland - Zuid-Afrika 1994-2000* is ‘n bevestiging van die feit dat die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika grootliks genormaliseer is. Die uitgawe bevat ‘n uitvoerige oorsig van die kulturele bande tussen Nederland en Suid-Afrika. Die grootste deel van die inventarisasie gaan oor die nuwe verhoudinge sedert 1994. Aandag word ook bestee aan die historiese bande tussen die twee lande en aan die Nederlandse kultuurbeleid met betrekking tot Suid-Afrika.

In Maart 1998 het daar ‘n byeenkoms by die Suid-Afrikaanse ambassade in Den Haag plaasgevind tussen verteenwoordigers van uiteenlopende Nederlandse kulturele instellings, organisasies betrokke by Suidelike Afrika en personeellede van die ambassade. ‘n Besluit is toe geneem om ‘n inventarisasie saam te stel van “de (opnieuw) opbloeiende culturele banden” tussen Suid-Afrika en Nederland. Die ondersoek sou deur Kairos en NiZA onderneem word. Hierdie publikasie is ‘n uitvloeisel van daardie ondersoek.

Die volgende tien fasette het aan die orde gekom: fondse en organisasies, taal en literatuur, biblioteke, musiek, teater, kabaret, dans, ballet en opera, beeldende kuns, fotografie, film en video, museums en tentoonstellings, erfgoed, argitektuur en monumente, en feeste.

In sy voorwoord het Erik van den Bergh, heel tereg, opgemerk: “De toekomstige relatie tussen beide landen zal wederzijds aan waarde winnen wanneer er sprake is van gelijkwaardigheid ...” Aan Nederlandse kant sou dit beteken: afreken met gevoelens van superioriteit. ‘n Groot mate van beskeidenheid aan Nederlandse kant sou die verhouding versterk. Volgens Van den Bergh is dit belangrik dat die verskille tussen die uiteenlopende kulture van beide lande erkenning moet geniet. Dit kan dien as basis vir toekomstige samewerking.

Hierdie is ‘n besonder nuttige publikasie, met onder meer volledige adresse van alle instansies betrokke by Suid-Afrika. Dit is ‘n onontbeerlike boek vir enigeen

wat in Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge belangstel. Die samestellers verdien lof vir hulle groot werk.

Otto Terblanche

Universiteit van Port Elizabeth

### Baanbrekerswerk oor die geskiedenis van Afrikaans

E.L.P. Stals en F.A. Ponelis, *Só het Afrikaans na Namibië gekom; Hollands-Afrikaans in Namibië vóór die koloniale tyd.*

Gamsberg Macmillan, Windhoek, 2001

160 pp

ISBN 99916-0-294-1

Prys: R60

Die bekende historikus E.L.P. Stals, wat reeds 'n belangrike bydrae gelewer het tot die optekening van die Namibiese geskiedenis, se jongste publikasie, wat in samewerking met die Stellenbosche taalgeleerde F.A. Ponelis geskryf is, is 'n interessante studie in taalgeskiedenis, wat ook nuwe lig werp op die sosiale en kulturele geskiedenis van Namibië.

In hierdie werk word die vraag beantwoord hoe Afrikaans, wat vandag in Namibië deur 'n groot deel van die bevolking gepraat word, in hierdie land posgevat het. Anders as wat dikwels geglo word, is dit nie in die eerste plek blanke koloniste en amptenare uit Suid-Afrika wat Afrikaans in Namibië gevestig het nie, maar groepe soos die Oorlams, die Basters en die Nama. Afrikaans is reeds in die eerste helfte van die agtiende eeu in Namibië gehoor en daarom handel Stals se verhaal oor die periode in die Namibiese geskiedenis voor die Duitse kolonisasie van 1884.

Uit die kort historiografiese oorsig in die eerste hoofstuk blyk dit dat daar enkele studies oor aspekte van die geskiedenis van Afrikaans in Namibië bestaan waarvan gebruik gemaak kon word. Stals het hierbenewens 'n groot aantal bronne, insluitende ou reisbeskrywings en argiefstukke, benut, op grond waarvan hy in hoofstuk 2 (wat ongeveer die helfte van die boek beslaan) 'n oorsig gee van die proses waarvolgens Afrikaans geleidelik in verskillende dele van die land gevestig is. Hy onderskei twaalf gebiede as sentrums waarin Hollands-